## Interne Komitees

Die Nasionale Vergadering het 'n aantal interne komitees wat sake rakende die bestuur van die Parlement hanteer. Hierdie Komitees bestaan gewoonlik uit senior Parlementslede. Die Reëlskomitee en sy subkomitees hanteer die Huisreëls, die begroting van die Huis, ondersteuning aan Lede, interne reëlings, en die magte en voorregte van Lede. Die ander interne komitees is die Program Komitee wat die werksaamhede van die Vergadering beplan, die Dissiplinêre Komitee en die Komitee van Voorsitters.

Die Nasionale Raad van Provinsies het sy eie huishoudelike komitees. Die Reëlskomitee en sy subkomitees hanteer die reëls en begroting van die NRVP, die parlementêre voorregte, interne reëlings, internasionale betrekkinge en gedelegeerde wetgewing. Die Program Komitee beplan die werksaamhede van die NRVP en die Komitee van Voorsitters maak aanbevelings oor die funksionering van Komitees en die ander NRVP forums.

## Ad hoc-komitees

Die Parlement of een van sy Rade kan 'n ad hoc (tydelike) komitee aanwys om 'n bepaalde taak te verrig. Wanneer die taak afgehandel is, word die komitee ontbind.

## Gesamentlike komitees

Die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies wys saam 'n aantal gesamentlike komitees aan, bv. die Komitee op Grondwetlike Hersiening.

Die Gesamentlike Staande Komitee op Intelligensie en die Gesamentlike Staande Komitee op Verdediging is statutêre Komitees. Dit beteken dat dit deur die Grondwet of deur 'n Wet van die Parlement in die lewe geroep is, sowel as ingevolge die reëls van die Parlement.

Die komitees speel 'n belangrike rol in die uitbou van demokrasie en help ook om die publiek by die werksaamhede van die Parlement te betrek.

Hierdie pamflet is in alle amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar.

Produced by the Public Education Office • Parliamentary Communication Services • INSPIRED BY PEOPLE

www.parliament.gov.za • P.O. Box 15, Cape Town, 8000 • Telephone: (021) 403 3341 • Facsimile: (021) 403 3303

PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA




Afrikaans

# Komitees van Parlement

## DIE ROL EN FUNKSIES VAN KOMITEES IN DIE PARLEMENT

Die twee rade van die Parlement, die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies, bedryf hul werk in volle sittings (waar Lede van 'n raad saam as een groep vergader), in gesamentlike sittings (waar Lede van beide rade as een groep vergader), en in Komitees (kleiner groepe van Lede).

Deur in Komitees te werk kan Parlement:

- Die hoeveelheid werk wat gedoen word vermeerder
- Verseker dat kwelpunte dieper bespreek kan word as in volle sittings
- Die vlakke van Parlementslede (LPs) se deelname in besprekings verhoog
- LPs in staat stel om kundigheid en diepgaande kennis te ontwikkel oor die Komitee se werkgebied
- 'n Geleentheid skep vir die publiek om hul menings regstreeks aan LPs bekend te maak, iets wat nie moontlik is by 'n volle sitting van die Parlement nie
- 'n Omgewing skep vir Parlement om getuienis aan te hoor en inligting te versamel wat verwant is aan die werksaamhede van 'n spesifieke Komitee.

In die algemeen is Komitees proporsioneel verteenwoordigend van die partye in die Parlement. Komitee vergaderings is oop aan die publiek, maar kan geslote wees indien daar 'n goeie rede is.

Die onderskeie Komitees het een of meer van die volgende funksies:

- Hulle moniteer en hou toesig oor die werksaamhede en begrotings van nasionale regeringsdepartemente en hou hulle aanspreeklik
- Hulle oorweeg en wysig wetsontwerpe, en mag Wetsontwerpe inisieer
- Hulle oorweeg privaat lede en provinsiale wetgewende voorstelle en spesiale versoekskrifte
- Hulle oorweeg internasionale verdrae en ooreenkomste
- Hulle ondersoek spesifieke gebiede van die openbare lewe of kwessies wat van openbare belang is
- Hulle hanteer huishoudelike parlementêre aangeleenthede

Komitees het die mag om enige persoon te ontbied om voor hulle te verskyn, getuienis te lewer of dokumente op te lewer. Hulle kan enige persoon of instelling vra om aan hulle verslag te doen. Komitees kan ook versoekskrifte, vertoë of voorleggings van die publiek aanvaar. Aan die hoof van elke Komitee is 'n Voorsitter.

## DIE ONDERSKEIE KOMITEES VAN DIE PARLEMENT

### Portefeulje Komitees

Die Nasionale Vergadering (NV) stel uit sy lede 'n aantal Portefeulje Komitees aan om die werksaamhede van verskeie nasionale regeringsdepartemente dop te hou.

Komitees van Parlement

Die rol van Portefeulje Komitees is om:

- Wetsontwerpe te oorweeg,
- Departementele begrotingsposte te behandel,
- Toesig te hou oor die departemente waarvoor hulle verantwoordelik is, en om navrae en aanbevelings te maak oor enige aspek van die departemente, asook die struktuur, funksionering en beleidsrigtings daarvan.

Die werk van Komitees word nie net beperk tot die regering nie. Hulle mag ook enige ander sake van openbare belang ondersoek wat binne die omvang van hul verantwoordelikhede val. Daar is 'n Portefeuljekomitee vir elke nasionale Ministerie en sy verwante regeringsdepartemente.

### Gekose Komitees

Die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) stel uit sy permanente lede 'n aantal Gekose Komitees aan om die werksaamhede van die verskeie nasionale regeringsdepartemente dop te hou en om Wetsontwerpe te behandel. Aangesien slegs 54 van die 90 NRVP Lede permanente afgevaardigdes is, in vergelyking met die 400 lede in die NV, moet die Gekose Komitees toesig hou oor meer as een van die nasionale regeringsdepartemente.

### Openbare Rekeninge Komitees

Die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge in die Nasionale Vergadering dien as die Parlement se waghond oor hoe die Uitvoerende Gesag die belastingbetalers se geld bestee. Die Ouditeur-generaal lê elke jaar verslae ter tafel oor die rekeninge en finansiële bestuur van die verskeie regeringsdepartemente en Staatsinstellings.

Hoofde van regeringsdepartemente en instellings word gereeld deur hierdie Komitee geroep om verslag te doen oor besteding. Die Komitee kan aanbeveel dat die Nasionale Vergadering korrektiewe stappe neem, indien nodig.

### Lede se Wetgewende Voorstelle en Versoekskrifte Komitees

Konsepwetsontwerpe kan deur individuele Lede van die Nasionale Vergadering ingedien word. Hierdie wetsontwerpe word deur die Nasionale Vergadering se Staande Komitee oor Privaat Lede se Wetgewende Voorstelle en Spesiale Versoekskrifte oorweeg. Indien die komitee met die beginsel van die konsepwetsontwerp saamstem, word die wetsontwerp voorberei en deur die Parlement behandel.

Die Nasionale Raad van Provinsies se Gekose Komitee oor Lede en Provinsiale Wetgewende Voorstelle oorweeg konsepwetsontwerpe van individuele NRVP lede en Provinsiale Wetgewers.

Versoekskrifte mag ook in die Parlement ter tafel gelê word en dan verwys word na die betrokke komitee wat die opgewerpte saak behandel.